VERJAARSDAE : 27 JUNIE 3 JULIE 2010

06/27	BETS	REDELINGHUYS	RIDGEWOOD 33	Blok 4
06/27	WILLEM	LANDMAN	PROTEA AFTREEOORD 54	Blok 4
06/28	WERNER	VAN TONDER	MALUTILN 2	Blok 4
06/28	TONY	PICCIOLI	DE LA REYWEG 26.	Blok 4
06/30	NELLIE	NEL	LANGEBRINKWEG 55	Blok 3
06/30	FRANS	ACKERMAN	HANS STRIJDOMLN 40.	Blok 4
06/30	SHEREEN	BARNARD	WITELSSTR 1	Blok 4
07/01	HERMANN	MEIER	SMUTSLN 124	Blok 2
07/02	JOHAN	NEL	HANS STRIJDOMLN 51	Blok 3
07/03	MINÉT	UYS	SMUTSLN 120	Blok 2
07/03	MICHAN	VAN DER MERWE	SMUTSLN 288	Blok 1
07/03	ELTHEA	HUMAN	HANS STRIJDOMLN 93A	Blok 3

SPESIALE GELUKWENSE

Aan Oom Willem Landman wat vandag sy 87ste verjaarsdag herdenk en Oom Frans Ackerman wat Woensdag die 30ste sy 82ste verjaarsdag herdenk, ons hartlike geluk-wense. Mag die Here julle in die nuwe lewensjaar ryklik seën met die keur van sy liefde en genade.

HUWELIKHERDENKINGS : 27 JUNIE TOT 3 JULIE 2010

SONDAG, 27 JUNIE		
EBEN EN PETRO DE WIT	HANS STRIJDOMLN 79	Blok 3
MAANDAG, 28 JUNIE		
SIEGHARD EN ANNEMARIÉ ISKE	CHARIS 14 BASDENLN 228	Blok 4
DINSDAG 29 JUNIE		
JOHAN EN KITTA BOTHMA (55 jr)	HANS STRIJDOMLN 85A	Blok 3
WOENSDAG, 30 JUNIE		
BEN EN RIA MAREE (48 jr)	FITZPATRICKWEG 21	Blok 2
DONDERDAG, 1 JULIE		
HERMANN EN MARIE MEIER (50 jr)	SMUTSLN 124	Blok 2
SATERDAG, 3 JULIE		
JAN EN CHARLOTTE MOSTERT	DF MALANLN 104	Blok 3
JACO EN ELMA MYBURGH	STRELITZIA WS 16	Blok 1
DAN EN GERDA JACKSON	HANS STRIJDOMLN 82	Blok 3

LYTTELTON DIENSSENTRUM

MÔREMARK 3 JULIE 2010

U word hartlik uitgenooi om 'n interessante oggend saam met die Dienssentrum deur te bring. Daar sal 'n verskeidenheid vars gebak, handgemaakte artikels — breiwerk, juwele, houtspeelgoed, ensovoorts wees.

Kontak Coreen by 664-5754 vir meer inligting.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 27 Junie 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 27 JUNIE
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens
MAANDAG, 28 JUNIE
19:00 Bedieningspanvergadering
SONDAG, 4 JULIE
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens
MAANDAG 5 JULIE
19:00 Bedryfspanvergadering
SONDAG 11 JULIE
09:00 Erediens
MAANDAG 12 JULIE
19:00 Bedieningspanvergadering
DINSDAG, 13 JULIE
Skole heropen
WOENSDAG, 14 JULIE
17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie
DONDERDAG, 15 JULIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
SONDAG, 18 JULIE
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens
MAADAG 19 JULIE
19:00 Bedryfspanvergadering
DINSDAG, 20 JULIE
18:30 Alpha-kursus
WOENSDAG, 21 JULIE 2010
17:00 Biduur
DONDERDAG, 22 JULIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
VRYDAG, 23 JULIE
18:00 Jeug: OppiKoffie
SONDAG, 25 JULIE
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens
09:00 Kindereredienste
10:00 Mentorvergadering Snr/Jnr
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Dave en Lyn de Bruyn, Krugerln 187 met Dave wat 'n heup-operasie ondergaan het (Blok 2).
2. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma 5 met Pieter wat ernstig siek is. Dit gaan nie goed nie (Blok 1).
3. Willie en Tania Neü, Cilliersln 249 met Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1).
5. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog wag vir 'n nier-oorplanting. Ons dra hom en die hele familie aan die Here op (Blok 2).

WATERPYPE …

Ons dink aan almal in die Ge-meente wat probleme gehad het met gebarste pype. Daar is heelwat skade aangerig en ons bid julle sterkte toe met al die herstelwerk wat nodig mag wees.

GRACE MANNA (Voedsel) PROJEK

Die projek is baie suksesvol, maar ons kort hande! Dit sal baie waardeer word as ons nog ’n manspersoon kan kry om te kom help, al is dit ook ongereeld. Die dae wat kos voorsien word is Dinsdag, Woensdag en Vrydag tussen 06:30 en 08:00.

Dameshulp om of fisies te kom help, of om sop te kook, of om brood tuis te smeer, sal ook die las baie verlig! Dit word ook nou baie koud, so ou komberse en warm klere is hoog op die behoeftelys, of alternatiewelik donasies om self te kan aankoop. Belangrikste: ons benodig u volgehoue ondersteuning met gebed – baie dankie!

U kan Retha Wessels skakel by 082 772 0955 of

Heinz Meissner by 082 806 8530

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za
en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit nie meer wenslik om by huise te kollekteer nie.

ATTESTATE ONTVANG

VANAF HALFWEGHUIS:

Belydende Lidmate: Cornelis Goosen Kotze

Helena Beatrix De Waal (nou Kotze)

Hulle woon in Hans Strijdomlaan 79B.

Hartlik welkom by Lyttelton-Oos. Ons hoop julle sal baie gelukkig wees by ons.

2010 Vakansie Program

NG Kerk Lyttelton-Oos

Voldag vakansie programme vir die hele vakansie, elke werksdag!
Laerskool en Hoërskool kinders welkom.

R70 per kind

(afslag vir gesinne)

Registreer vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

Daar word mentors en toesig benodig wat op ’n rooster basis betrokke kan raak.

Vir meer inligting, skakel

Susan 082 680 3682/Madelaine 082 354 2455

FONDSINSAMELING

6 en 7 Julie 2010

Ocean Basket, Saxbyweg, Eldoraigne

18:00-22:00

Kom eet saam—’n deel van die opbrengs gaan na die gemeente. Die vorige geleentheid het R2400 opgelewer (baie dankie). Kom ons kyk of ons kan verbeter!

BEGRAFNISBEDIENING
Kom help met die skink van tee en die voorbereiding van verversings met begrafnisse in die gemeente. Dis ‘n liefdesdiens wat opreg waardeer word!
Kontak Ria Maree 0126643364

BLOKBEDIENING
Ons is op soek na blokleiers wat gereelde besoeke aan alle lidmate in bloksverband kan koördineer.
Kontak Kobus Badenhorst 0832351084

KLUB IMMERGROEN
Hierdie bediening fokus op ons senior lidmate en het onder andere ten doel om bejaardes te versorg. As jy lief is vir ouer mense, hier is vir jou ‘n geleentheid om te dien.
Kontak Rina van der Merwe 0126642469

Weet jy van nood in die gemeente? Moenie huiwer om te skakel nie. Ons help graag waar ons kan.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

NAALDWERKGROEPE

CMR Lyttelton, Ivory Park en Ebony Park bied vanaf 1994 ‘n jaarlikse werkswinkel aan vir die naaldwerkgroepe van die Ringsgemeentes asook ander groepe in Centurion en omgewing. Dit is ’n baie suksesvolle gemeenskapsprojek en ongeveer 100 dames woon dit by om nuwe lewensvaardighede aan te leer. Hulle geniet die saamkuier baie en daarom is daar besluit om weer ’n soortgelyke projek aan te pak en op 13 November 2010 by Lyttelton Gemeente aan te bied.

Hierdie jaar word beplan om

die dames in te lig hoe om op ’n klein stukkie grond ’n groentetuin te begin en te onderhou; en
plekmatjies met die hand te maak.

Ons benodig vroegtydig die volgende skenkings om die projek suksesvol te beplan:

- Klein gebruikte plastiekpotjies om saadjies in te plant;
- Pakkies met groentesaad;
- Enige groentetuingereedskap;
- Naalde en garing;
- Dun “batting” om tussen die materiaal van die plekmatjies vas te werk;
- Materiaal

CMR wil baie graag die vroue toerus om hul vaardighede te gebruik om ’n inkomste te genereer vir hul families. Daarom wil ons u vra om ons te help om die goeie werk wat reeds begin is, voort te sit.

Indien u enige navrae het, of ’n donasie kan skenk, kan u Annamarie kontak by (012) 664 5837 of (012) 664 0901. Sonder die hulp van ons Ringsgemeentes sal ons nie die projek kan voortsit nie.

MEV ANEL ROUX
SENIOR MAATSKAPLIKE WERKER: CMR LYTTELTON

Alpha

’n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

20 Julie 2010—21 September 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op ’n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van ’n geloofsgemeenskap ken nie en bou ’n verhouding met hulle op. Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?
Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy ‘n unieke bydrae kan lewer

Werkswinkels hierdie jaar:

14 Augustus 2010 (08:00—16:00)
6 November 2010 (08:00—16:00)

Koste: R290
(Sluit in: ‘n internet-toets wat vooraf gedoen moet word; kursusmateriaal, verversings en ‘n middagete)

Skryf in deur: ’n SMS te stuur aan 0845818139
‘n Terugvoervorm te voltooi
Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui
(soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

AKSIE ARBEIDERS VIR DIE OES

Matlala uitreiking 11 – 21 Junie 2010 in Nebo-Sekhukhuneland (Limpopo provinsie)

Aksie Arbeiders vir die Oes en Echo Jeugontwikkeling het hierdie jaar met die 10 dae Matlala uitreiking ‘n groot uitreikspan gehad – 170 lede. Daar was 3 kinderspanne, een by ‘n kleuterskool in Mooihoek, een op die sokkerveld in Mooihoek en een by die skool in Ditholong. Daar was twee sokkerspanne, een by Mooihoek en een by Letebejane. Daar was 5 bouprojekte, by arm gesinne se huise in Mooihoek, Tsimanyane en Rakgwadi en by ‘n kleuterskool in Letebejane. Vyf groentetuin en groentetonnel projekte is gedoen by kleuterskole in Mooihoek en Letebejane, huise in Mooihoek, Tsimanyane en Rakgwadi.

Verskeie huisbesoekspanne in Mooihoek het op dissipelskap programme gefokus. Bybels in Noord-Sotho is hiertydens versprei. By die hoërskool op Mooihoek is skoolhulp – klasse in Wiskunde, rekeningkunde en wetenskap aangebied. Die dorpies se inwoners is uitgenooi na die sokkerwêreldbeker wedstryd die Woensdagaand toe SA teen Uruguay gespeel het. Getuienisse van Christen wêreldbekersterre is voor die tyd op die groot skerm gewys.

Daar was ‘n hospitaalspan wat elke dag onder die siekes in die verpleegpersoneel van die Matlala hospitaal gewerk het.

Sondag eredienste is gehou in 9 kerke van die VGKA Lepelle en Botanang (Matlala Hospitaal; Mogaladi; Masanteng; Rakgwadi; Krokodilheuwel; Elandskraal; Tsansabella; Marulaneng en Leeuwfontein) en 2 huiskerke in Mooihoek).

Agt kinders van Crossroad Skuiling vir hawelose kinders in Salvokop en verskeie tieners van die Echo huise in die Moot was ook saam op die uitreiking. Operasie Mobilisasie (OM) het internasionale spanlede as deel van sy “Global Action” spanne wat diens doen by verskeie punte rondom die FIFA 2010 sokker wêreldbeker, saamgestuur.

Die arm gesinne is ook uitgenooi vir ‘n gemeenskaplike ete aan die einde. Lede van die gemeenskap het spesiaal kom dankie sê vir die welwillendheid wat aan hulle openbaar is. God se liefde is op tasbare wyse deur sy kinders in die gemeenskap gedemonstreer.

Daar was mooi getuienisse van spanlede van wat die Here in hulle lewens gedoen het. ‘n Stiltetyd en Groepsbybelstudie program is met die spanlede deur die hele tyd gedoen. Die tema was “Out of the box”.

Ons is die Here dankbaar vir sy voorsiening en genade om hierdie omvangryke Matlala uitreiking moontlik te maak en tot seën van baie te gebruik.

Jan en Elize-Marié van Jaarsveld
Aksie Arbeiders vir die Oes

VERSORGINGSBEDIENING

Deel van die Here se droom vir ons gemeente is dat elke lidmaat hier tuis en geborge sal voel. Elkeen moet weet dat daar vir hom/haar omgegee word en dat wanneer daar nood is die gemeente gereed staan om te help. Vir hierdie droom om waar te word, het ons mense met “omgee-harte” nodig. Kyk na die bedienings hieronder en kom help daar waar die Here jou hart se punt heen trek!

BERADINGSGROEP

Ons is nie terapeute - nie net mense wat luister en omgee. Dit word baie streng vertroulik hanteer. Die bediening sluit in Trauma - soos dood in familie, inbrake ens. Ook Jeug-probleme – dwelms, drank, hantering van groepsdruk, ensovoorts.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

SIEKE / HOSPITAALBESOEK

Lidmate in die hospitaal word deur die leraar besoek maar dis by verre nie genoeg nie. Mense wat siek is en / of pyn verduur het mense se ondersteuning en onderskraging nodig. Kom help ons om dit te gee! **Kontak Freddie Schoeman (0845818139) Minari Nel (0843178820) Odie Odendaal (0126646526) of Heinz Meissner (0828068530)**

HELPMEKAAR

Kom ons help mekaar om ons talente en gawes
te gebruik tot eer van die Heer!!

Om na ander uit te reik beteken ook om te help waar ons kan, veral in nood en ook wanneer ek tyd of oorvloed het. Vul gerus die vorm wat in die rakkies by die deure beskikbaar is in indien jy graag jou talente en vermoëns beskikbaar kan stel
Kontak Frik Strydom 082 4453784

VOEDSELBEDIENING

Dit is nie net vir mense wat nie kos het om op die tafel te sit nie. Dit is ook vir mense wat opgeneem word in die hospitaal; wat siek is by die huis; wat iemand aan die dood afgestaan het. Ons is daar om hulp te verleen vir twee tot drie aande se etes of enige iets anders wat nodig sou wees. Hier het ons die gemeente se insette en ore en oë nodig om ons in kennis te stel van sulke gevalle.

Kontak Arie Roos 0825786595

TELEFOONBERADING

Vrywilligers word benodig wat bereid sal wees om noodlyndiens te doen vir enige gemeentelid wat nie direk met iemand wil praat nie. Die bediening is 'n 24 uur bediening - dus moet u bereid wees om enige tyd beskikbaar te wees. Daar sal so gou moontlik 'n kursus aangebied word.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

VERVOERBEDIENING

Soms gebeur dit dat een van ons vervoer benodig om inkopies te doen, ‘n besoek af te lê of ‘n erediens by te woon. As jy bereid is om jou dienste in hierdie verband beskikbaar te stel …

Kontak Hardus du Preez 0828871364